

6 Maart

Skrifgedeelte: Filippense 2:25-30

Die druiptert heilige

Epafroditos is die man wat druiptert terug huis toe is. Hy kon dit nie in Rome uithou nie. Die gemeente in Filippi het hom gestuur met die verwagting dat hy Paulus sou bystaan tot die einde, maar niks het daarvan gekom nie. Tog dra hierdie Epafroditos, hierdie mislukking, sy attestaat in sy sak.

Dit is 'n mooi attestaat, want die liefde bedek soveel swakhede. Die kerk van Jesus is nie net vir supergelowiges nie, maar ook vir worstelende swakke. Ook vir my en jou.

Epafroditos is 'n geskenk. Die gelowiges in Filippi het 'n besondere geskenk aan Paulus gestuur: 'n man wat hom kon bystaan en ondersteun, maar ook iemand wat 'n broer vir hom kon wees, iemand wat saam met hom kon werk en saam met hom kon veg. Watter soort geskenk is jy?

Epafroditos is ook 'n bringer van geskenke. Hy kom by Paulus aan met geldelike hulp. So versorg die Here Paulus deur die liefde van medegelowiges. As hy terugkeer na Filippi, dra hy 'n nog groter geskenk, naamlik hierdie heerlike brief wat ons vandag nog kan lees. Is jy 'n posbode, 'n draer van die Here se geskenkpakkies?

Epafroditos is ook 'n waaghals. Hy het sy lewe op die spel geplaas ter wille van die werk vir Christus. In ons wêreld is dit steeds maklik om te sê dat jy 'n Christen is. Om dit *uit te leef*, is iets anders. As ons veilig in ons gemak is, getuig Epafroditos teen ons: Ek het my lewe ter wille van Christus gewaag. Wat doen jy?

Sing: Psalm 89:1,6 Ds D van't Zand (Pietermaritzburg)